

Plussomme - Les 2

- Het jy toe die plussomme reggekry?
- Mooi so!
- Nou kan jy verder gaan!



Hoe doen ek nou die volgende som:
3-syfergetal + 3-syfergetal?
(Onthou: Ons kan ook sê “bereken die som van” .)



- $216 + 245 = \square$
- **Stap 1: Breek elke getal op in honderde, tiene en ene.**
 $(200 + 10 + 6) + (200 + 40 + 5)$
- **Stap 2: Tel nou die honderde, dan die tiene en dan die ene bymekaar.**
 $200 + 200 = 400$
 $10 + 40 = 50$
 $6 + 5 = 11$
- **Stap 3: Tel nou die 3 antwoorde bymekaar om die som se antwoord te kry.**
 $400 + 50 + 10 + 1 = 461$ (ekstra stap)
 $400 + 50 + 11 = 461$



Ons oefen nog 'n plussom. Kyk of jy dit kan regkry – onthou om die opbreekmetode te gebruik.

$$265 + 253 = \square$$
$$(200 + 60 + 5) + (\dots)$$
$$200 + \dots$$
$$60 + \dots$$
$$5 + \dots$$
$$\dots +$$



• Lyk jou som so:

- $265 + 253 = \square$
- $(200 + 60 + 5) + (200 + 50 + 3)$
- $200 + 200 = 400$
- $60 + 50 = 110$
- $5 + 3 = 8$
- $400 + 110 + 8 = 518$
- (of $400 + 100 + 10 + 8 = 518$)



Dis 100% reg! Goed gedaan!



Nou behoort jy die volgende somme maklik te kan doen!

$$316 + 113 = \square$$

$$219 + 145 = \square$$

Tel 360 en 69 bymekaar.

Vind die som van 247 en 184.

Hoeveel is 143 en 263 altesaam?

Woordsomme:

Daar reis 147 mense in 'n trein. Toe die trein by die stasie stop, klim daar nog 55 mense op. Hoeveel mense is daar nou in die trein?

'n Boer plant 216 appelbome in 1 boord en 136 appelbome in 'n ander boord. Hoeveel appelbome het hy altesaam geplant?

